# Dorothea-Nuus

**- No. 2/2014 -**

Nuusbrief van die **Dorothea-Sending** - 'n evangeliese geloofsending

*Werksaam in: Suid-Afrika, Zimbabwe, Zambië, Malawi en Mosambiek*

('n Nie-winsgewende organisasie - reg. no. 039-294-NPO)

## *Vroue trek saam*

Dit was reeds vir 'n baie lang tyd op ons hart om 'n spesiale konferensie te hou vir die vrouens van die buitelandse evangeliste van die Dorothea-Sending. Elke tweede jaar kom al die evangeliste bymekaar by ons Hoofkantoor op ons sendingstasie, *Dorothea,* vir 'n konferensie wat dien tot geestelike opbou en lering. Dit is ook die ideale geleentheid vir almal van die verskillende velde om mekaar weer te sien. Ongelukkig kan die vrouens gewoonlik nie dié geleentheid bywoon nie, omdat hulle die fort moet hou by die huis en na die gesin omsien.




In die lig hiervan, was daar 'n besliste behoefte vir die vrouens om op 'n soortgelyke wyse bymekaar te kom en lering te ontvang. Verskeie van hulle het ook nooit die geleentheid gehad om by 'n Bybelkollege opgelei te word nie. Na baie gebed, beplanning en bespreking is hierdie geleentheid in Mei gehou op ons sendingstasie in Harare, Zimbabwe. Met groot afwagting het twee vrouens van Suid-Afrika, Dolly Banda en Wynie Malan, sowel as al die vrouens van Malawi, Zambië en Mosambiek voorberei om die lang reis na Harare aan te pak. Almal het per bus gereis en veral die span van Chokwe (Suid-Mosambiek) het baie ure op die pad deurgebring, maar almal het betyds en veilig gearriveer!

Intussen het die span in Zimbabwe voorberei vir die besoekers en op Saterdagoggend 10 Mei is die eerste byeenkoms gehou. Vir vyf en 'n half dae het 23 vrouens saam om die Woord van die Here vergader. Onder hulle was daar ook twee afgetrede werksters. Een van die groot uitdagings wat ons in

### In hierdie uitgawe:

- *Uitreik deur die Bybelkollege - bl. 4*
- *Nuwe lig vir kerkleiers - bl. 5*
- *Dankbaar om nog te leef! - bl. 5*
- *In desperaatheid soek ons God - bl. 6*
- *Die **verjaardag van die Dorothea-Sending:** 20 September - bl. 7*

die gesig gestaar het, was dat ons uit vier verskillende taalgroepe gekom het en dat daar van elke taalgroep diegene was wat nie Engels kon verstaan nie. Ons het in groepe gesit en elke keer as die spreker 'n paar sinne gesê het, het ‘n tweetalige persoon in elke groep dit getolk - dit was byna soos 'n koor van stemme wat telkens opgegaan het! Die Here het ons egter gehelp en almal het gehoor en verstaan.

Elke oggend is daar 'n biduur gehou en deur die loop van die dag was daar verskillende sessies van lering en groepbesprekings. Onderwerpe wat gedek is, was onder andere: *Om 'n vrou en moeder in die Sending te wees, Hoe om kinders te bereik, Hoe om siekes te bearbei, Persoonlike evangelisasie* en 'n reeks oor *Die evangelis, haar redding, haar lewe en voorbereiding van Bybelstudies.* Die groepbesprekings het ook gelei tot verdere onderlinge interaksie. Byna almal het ook die geleentheid gehad om hul persoonlike getuienis van redding te deel. Dit was kosbaar om te hoor uit watter verskillende agtergronde die Here ons gered het. Sommige was goeie kerkmense, andere het min of geen kontak met die Christelike godsdiens gehad nie - maar almal was ongered en het Christus se versoeningswerk nodig gehad. Verder het Hy ons uit verskillende oorde geroep om Hom saam in die Dorothea-Sending te dien.



Aan die einde van die konferensie kon die vrouens getuig wat dit vir hulle beteken het:

- *“Ek dank die Here vir die hulp wat ek kon ontvang. In Mosambiek is daar baie vrouens wat dit wat ons geleer het, nie weet nie. Ek kan hulle nou help. Ek is veral gehelp deur die lering oor hoe om pasiënte te bereik.”*
- *“Die lering oor kinderevangelisasie was vir my van groot hulp asook dié oor hoe om ‘n boodskap of Bybelstudie voor te berei.”*
- *“Ek is op baie maniere gehelp, maar veral wanneer dit kom by die lering oor hoe om ‘n boodskap of Bybelstudie voor te berei. Ek het dit al gedoen, maar het nou eers regtig geleer hoe om daarvoor voor te berei. Ek was ook uitgedaag oor hoe om my man by te staan. Ons is nie meer dieselfde as toe ons gekom het nie.”*
- *“Ek het besef dat ek baie tekort skiet in die bediening en is op baie maniere opgebou. Dit was ook goed om op hierdie wyse saam te wees en om mekaar te leer ken en saam te bid.”*
- *“Ek dank die Here vir hierdie lering. Ek het baie hulp nodig gehad oor hoe om as vrou van ‘n evangelis op te tree en ek het dit hier ontvang.... Ons moet die werk van die Here op so ‘n wyse doen dat ons nie beskaamd sal staan as Hy dit eendag beoordeel nie. ”*

Ons glo hierdie konferensie het vrug vir die ewigheid opgelewer - in die lewens van die vrouens maar ook omdat hulle beter toegerus is vir diens en om hul mans in hul bediening by te staan. Ons gee aan die Here al die eer daarvoor!

***“Oor U woord is ek so bly soos iemand wat ‘n groot skat in die hande gekry het” (Psalm 119:162).***

# Uit die hart

In Fisika leer 'n mens van "inersie" wat die neiging is van 'n voorwerp om onbeweeglik te bly of om verandering van rigting of beweging te weerstaan. In verband met lewende wesens noem ons dit eenvoudig "hardkoppigheid" wanneer 'n goeie ding weerstaan word. Donkies was voor in die ry vir hierdie "gawe" en mense was nie ver agter nie. Hulle sê: *"Ja!"* en *"Dankie!"*, maar die uitnodigings en waarskuwings word totaal geïgnoreer. Hardkoppig bly hulle onbeweeglik en onveranderd. Hier geld die wet van geestelike inersie.

Die profete het dikwels gevind dat hulle met hardkoppige en rebelse mense gepraat het.

*"Ek het gedurig my hande uitgesteek na 'n opstandige volk..."* (Jesaja 65:2).

*"Kan 'n Kussiet sy vel verander of 'n luiperd sy vlekke? Sou julle kon doen wat goed is, julle wat gewoond is aan die kwaad?"* (Jeremia 13:23).

*"Jy moet vir hulle sê wat Ek sê,of hulle luister of nie, want hulle is weerbarstig"* (Esegiël 2:7).

Tydens die uitreik wat ons in Sekororo gehou het, het ons met lede van 'n sekte ontmoet. Dikwels sou hulle ons vriendelik ontvang en saamstem wanneer ons hulle leer uit die Bybel. Meeste van hulle sou egter geestelik bly waar hulle was en op hul verkeerde weg voortgaan. Om hulle daaruit te kry, is om soos 'n stuk staal weg te trek van 'n sterk magneet af. Daar was so baie dinge wat dit vir hulle moeilik maak om die sekte te verlaat. Soos wat hulle dit verstaan sou hulle sosiale aansien verloor, vriende verloor, 'n tipe begrafnispolis verloor, beskerming teen demoniese magte en soortgelyke aanvalle verloor en hulself blootstel aan 'n onbekende en onseker toekoms.

Maar die Here is nie beperk deur inersie nie. Hy is vir ewig die Verlosser. Die lewegewende boodskap was verkondig... en sover ons kennis strek is daar 'n paar siele wat ook ewige lewe ontvang het. Baie dankie weereens vir u gebede. Daarsonder sou inersie ons almal vasgehou het en daar sou geen geestelike beweging gewees het nie!

Met opregte groete

Jacques

Jacques Malan

# Uitreik in Sekororo

Bybelkollege: Aan die einde van Junie het die personeel en studente 'n uitreik gehou by Madeira, 'n nedersetting in Sekororo, naby Tzaneen (Limpopo provinsie). Die Dorothea-Sending het reeds heelwat kere in verskillende nedersettings in die omgewing gewerk. Tydens hierdie uitreik kon die span by verskeie van daardie punte ook 'n diens waarneem en sodoende die vorige bekeerlinge bemoedig en geestelik opbou. Die span het die volgende gedeel:

Ons is goed ontvang en die dienste is goed bygewoon. Die vrou van die plaaslike hoof het deur die boodskap wat die eerste aand gegee is, tot bekering gekom. Verskeie ander het ook tot bekering gekom - sommige was kerkgangers, maar nie gered nie. Daar was ook diegene wat demoniese werkinge in hulle lewens gehad het. Ons het hulle geestelik gehelp en vir hulle gebid en die Here het hulle vrygemaak. Op hulle versoek is hul toormiddele verbrand as 'n getuienis daarvan.



*'n Kinderdiens by Madeira*

Tydens huisbesoek en straatwerk het ons Bernard* drie maal besoek. Hy behoort aan 'n bekende sekte en is op vyftigjarige leeftyd medies ongeskik om te werk. Hy was baie ontvanklik. By die laaste besoek het ek hom uitgedaag om ernstig daaroor te bid of hy nie van kerkverband moet verander nie. Dit het gelyk asof hy dit ernstig opgeneem het.

So was daar ook Piet*. Hy het vertel dat hy tot bekering gekom het terwyl hy in die gevangenis was. Na sy redding het hy daagliks die Bybel bestudeer en die korrespondensie Bybelstudies van die Dorothea-Sending gedoen, al het ander hom gespot. Ons het die indruk gekry dat hy hom opreg verheug in sy verlossing.

Ek het by 'n plek gekom waar heelwat mense van 'n bekende sekte wat baie sterk is daar, teenwoordig was. Hulle was nie formeel besig met 'n vergadering nie en 'n groepie van ses mans het geluister terwyl ek met hulle gedeel het vanuit die Woord. Toe ek by die punt kom waar ek uitgewys het dat net Jesus Christus kan red van sonde, was daar 'n kriewelrigheid wat weerstand aangetoon het. Nietemin was daar na die tyd omtrent 10 mans en 10 vrouens wat met graagte traktaatjies ontvang het.

Dit was 'n voorreg om so as 'n groep saam te werk. Twee van die voormalige studente het saamgegaan om ons geledere te versterk en dit was vir ons bemoedigend om hulle weer te sien. Op die laaste Sondag het ses van ons 'n boodskap gegee - elkeen in 'n ander kerk.

** Skuilname*

# Lig in Duisternis

Malawi: In die afgeleë gebied in Mosambiek waar ons gewerk het, is daar baie werklose jongmense wat hul dae in ledigheid slyt. Hulle het tydens ons uitreik die geleentheid gehad om die Woord van God te hoor en van hulle het positief daarop gereageer.





Tydens huisbesoek het ons by 'n ou man gekom wat besig was om grasmatte te maak. Hy het gesê dat hy nooit enige kerk bywoon nie en hy het vrylik in sonde gelewe. Ons het die Evangelie met hom gedeel en hy het nou 'n duidelike verlange om vir God te leef.

Ons het ook met Victor* gepraat. Hy was betrokke by toordery, maar het die besluit geneem om Christus te volg. Gevolglik het ons die dinge wat hy gebruik het vir toordery openlik verbrand as 'n publieke getuienis en om te verhinder dat die vyand enige verdere houvas op sy lewe sou hê daardeur.

** Skuilnaam*

# Nuwe Lig vir kerkleiers

Tete (Mosambiek): Die seminaar wat ons in Canongola gehou het vir kerkleiers was goed bygewoon en die Here het ons geseën. Ons het lering gegee oor *Die Wederkoms, Leierskap, Die Visie van die Kerk* en *Rentmeesterskap.* Dit was van Donderdag tot Saterdag. Op die laaste dag het ons geleentheid gegee vir kort getuienisse. Een kerkleier het gedeel dat hy vir die afgelope 10 jaar geen lering oor die Wederkoms ontvang het nie en dat hierdie seminaar hom baie gehelp het om sy lewe opnuut aan die Here toe te wy in die afwagting daarvan. 'n Ander leier van 'n denominasie wat nie die waarheid verkondig nie, het bely dat hy nie 'n goeie rentmeester was nie en dat hy fondse geneem het wat aan die kerk behoort het. Die Sondag het ek gepreek by die gemeente waar die seminaar aangebied is en daar was 'n aantal mense wat geestelike hulp gesoek het.

# Dankbaar om nog te leef!

Hospitaalbediening: 'n Sekere vrou het in die trauma-eenheid beland waar haar lewe gered is nadat sy probeer het om selfmoord te pleeg. Voordat sy ontslaan kon word, is sy verwys vir berading en geestelike hulp.

Sy het vir sewe jaar 'n verhouding gehad met 'n getroude man met kinders. Sy vrou en familie het haar geken. Sy het herhaaldelik probeer om die verhouding te verbreek, maar die man het aanhoudend teruggekom na haar. Met die begrafnis van

haar moeder het sy besef dat hy ontrou is en haar net misbruik. Sy kon dit nie hanteer nie en het besluit om 'n einde aan alles te maak. Die Evangelie is met haar gedeel en sy het ingesien dat hierdie man 'n afgod in haar lewe geword het en dat die Here haar moes red uit bande en sonde. Skielik was sy dankbaar dat sy nog gelewe het.

Sy het haar bekeer en het in gebrokenheid na die Here gekom. God het haar hart voorberei dat sy die Here Jesus as haar Verlosser en Here kon aanneem. Terwyl sy in gebed gekniel het, het sy die vreugde van wedergeboorte ervaar.

## In desperaatheid soek ons God

Zambië: Rachel* het na ons gekom en gesê: *"Ek is 12 jaar oud en MIV positief. Daar is aan my gesê dat ek dit van my moeder gekry het deur borsvoeding."* Toe ons dit hoor, het ons haar probeer help en haar ook aangemoedig om haar lewe aan die Here oor te gee. Sy het dit gedoen en kom nou gereeld na een van ons Bybelklubs waar sy hulp ontvang uit die Woord van God, deur gebed en op ander maniere. Sy is opgewek en dit is ons gebed dat sy sal voortgaan om die Bybelklub by te woon.

Mnr. en Mev. Sakala* het gevra dat ons hulle moet help met hulle huweliksprobleme. Ons het hulle met raad bedien vanuit die Woord van God en die Here help en seën hulle in hulle verhouding en lewens.

** Skuilnaam*



*'n Meisie lees 'n Bybelvers by die klub.*

## Gebedsgids

Soos ons in die vorige uitgawe genoem het, word die *Gebedsgids* net elke tweede jaar uitgestuur en gevolglik nie vanjaar nie. Terwille van diegene wat vir die werkers en afgetrede werkers by die naam bid, wil ons net graag die volgende noem:

**Bladsy 1:** Frans Gericke dien nie meer op die **Raad** nie en Lyson Nkhoma (bl. 5) en Daniel Chungwane (bl. 7) is gekies om op die Raad te dien.

**Hendrina Calitz** wat na haar amptelike aftrede steeds die boekhouding van die Sending behartig het, het onlangs die tuig finaal neergelê. Ons dank die Here dat sy vir baie jare haar gawes en bekwaamhede op hierdie vlak so stil-stil kon aanwend in Sy diens. Die boekhouding word nou deur iemand behartig wat nie deel van die Dorothea-Sending is nie.

**Bladsy 8:** Afgetrede werkster **Ester Nyangu** van Zambië het na haar ewige woning verhuis. Sy en haar oorlede man, John, het reeds 'n geruime aantal jare gelede afgetree en ons eer die Here vir hulle toewyding aan Hom in Sy diens.

# 72ste Verjaardag

Ons nooi ons vriende en belangstellendes hartlik uit na die verjaardag van die Dorothea-Sending.

## Besonderhede:

**Wanneer:** **Saterdag 20 September 2014** om **11:00** en **14:00** met samesang vooraf.

**Plek:** **Ons sendingstasie, *Dorothea,*** 8 km vanaf Rosslyn, Pretoria. Kontak ons gerus vir aanwysings indien nodig. Ons GPS koördinate is 25° 36' 38" S, 28° 02' 06" O.

**Program:** Getuienisse van die werk, sang en boodskappe uit die Woord.

**Gasspreker:** Ds. John Bell, leraar van die *Central Baptist Church* in Harare, Zimbabwe.

**Verversings:** Gratis verversings sal bedien word. U kan reeds om 10:15 'n koppie tee saam met ons geniet.

**Navrae:** 012-5602002 / 082-8967960 of office@dorothea.org.za

Hierdie geleenthede word gehou om ons vriende en voorbidders beter insae te gee in ons werksaamhede. Ons hoop dat baie van u, en ook mense wat nog nie die werksaamhede van die Dorothea-Sending ken nie, dit sal kan bywoon en seën daardeur sal ontvang.

## Ons Gasspreker:



**Ds. John Bell** is in Zimbabwe gebore en het daar grootgeword. Hy het op die ouderom van 14 jaar tot bekering gekom en reeds in sy laat tienerjare geroepe gevoel tot pastorale bediening. Hy het eers in die polisie gedien voordat hy vir teologiese studies na Amerika gegaan het. Daar het hy sy vrou Miriam ontmoet en hulle het in 1984 na Zimbabwe teruggekeer. Hy was eers die leraar van die *Christian Fellowship* in Bindura en sedert 1997 van die *Central Baptist Church* in Harare. Hulle het vier kinders en twee pleegkinders. Ds. Bell voel daartoe geroepe om die praktyk en invloed van Skrifverklarende prediking in suidelike Afrika te bevorder.

## Dae van Gebed en Lering:

Ons wil ook vriende, voorbidders, voormalige werkers en studente asook enige ander belangstellendes uitnooi na die dae van gebed en lering wat , D.V., gehou sal word van:

**Sondag 21 September tot Woensdag 24 September.**

Ds. Bell sal ook gedurende hierdie dae by drie middag- en drie aanddienste die Woord van die Here aan ons bedien. Indien u net sommige van die dienste kan bywoon, is u steeds hartlik welkom. Kontak ons asseblief net voor die tyd sodat ons die presiese program aan u kan deurgee en terwille van praktiese reëlings. Daar is geen fooi vir die bywoning van die dienste nie.

# *Gebedsversoeke*

Mag ons die volgende spesifieke gebedsversoeke met u deel asseblief:

1. Vir die leierskap en werkers van die Sending - dat hulle die **Here se wil sal ken ten opsigte van die werk** in die lig van die veranderende tye waarin ons leef.

2. Vir die **uitreike** wat o. a. op die programme van die volgende spanne is:
   - **Suid-Afrika:** Vrouekamp op *Dorothea:* 8 - 10 Augustus<br>Mannekamp op *Dorothea:* 22 - 24 Augustus<br>Uitreik deur Bybelkollege by Boshof, Vrystaat: 7 - 19 Okt.
   - **Mosambiek, Chokwe:** Uitreik by Maxixi en Tomanine: 3 - 23 Augustus.
   - **Mosambiek, Tete:** Chimadzi (in Tete): 5 - 11 Augustus.<br>Chingodzi (in Tete): 18 - 25 Augustus.
   - **Zimbabwe:** Uitreik by Murambinda, Murehwa: 4 - 10 Augustus<br>Uitreik by Mutasa, Rusape: 13 - 24 Augustus
   - **Malawi:** Kasinje: 14 - 21 Augustus<br>Kawalizi: 22 - 29 Augustus

3. Vir die **verjaardagbyeenkomste** en die **dae van gebed en lering:**
   - Vir alle praktiese reëlings en voorbereidings.
   - Vir die sprekers en die Here se onmisbare seën op al die verrigtinge.
   - Dat baie mense dit sal bywoon en geïnspireer sal word vir sendingwerk.
   - Vir al die werkers wat vanaf hul onderskeie velde na Dorothea sal reis.

4. Dat die Here **al die werkers fisies en geestelik sal bewaar** en dat elkeen sal groei in hulle verhouding met Hom.

***"Dié wat op die Here vertou, kry nuwe krag. Hulle vlieg met arendsvlerke, hulle hardloop en word nie moeg nie, hulle loop en raak nie afgemat nie" (Jesaja 40:31).***


**ONS KONTAKBESONDERHEDE:**

**Adres:** Posbus 911-024, ROSSLYN 0200, Suid-Afrika
**Telefoon:** 012-560 2002 of 082-8967960 **E-pos:** office@dorothea.org.za
**Webbladsy:** www.dorothea.org.za


**Die Dorothea-Nuus is ook per e-pos beskikbaar.**

Na aanleiding van navrae wat ons van tyd tot tyd ontvang, verstrek ons hiermee die bankbesonderhede van die Dorothea-Sending:

*Dorothea Mission, Standard Bank, Van der Waltstraattak, takkode 010145 en rekeningnommer 011030801.*